

BOEKBESPREKING

Schutte, G. J.: *De Hollanders in Krugers Republiek 1884-1899*. Pp. 123. Medede-
lings van die Universiteit van Suid-Afrika, C.63. Pretoria, 1968.

Die skrywer van hierdie werk was met behulp van 'n beurs onder die Neder-
lands-Suid-Afrikaanse Kultuurverdrag gedurende 1965 student aan die Universiteit
van Suid-Afrika. Resultaat van sy studie was hierdie werk, wat hy onder toesig
van prof. F. A. van Jaarsveld voltooi het en wat hy daarna as onderdeel van
sy doktorsale eksamen aan die Universiteit van Utrecht aangebied het.

Hy het volgens sy bronne- en literatuurlys, en talryke verwysings in voetnote,
uitgebreide navorsing gedoen en die resultaat is 'n werk wat wel beknopt is, maar
tog van 'n deeglike wetenskaplike benadering getuig. Die skrywer moet geluk
gewens word dat hy hierdie onderwerp, waaroor daar reeds baie geskryf is, hier
in so 'n onderhoudende en leesbare vorm aangebied het. Hoewel daar baie oor
feitlik al die aspekte van die onderwerp geskryf is, word dit hier, vir sover ek
weet, vir die eerste keer in sy geheel op 'n samevattende wyse behandel.

Soos die titel aandui, gaan die werk oor die jare 1884-1899. Voor die skrywer
by die tydperk kom, kry ons eers 'n inleidende hoofstuk oor *Nederland en Zuid-
Afrika in 1814-1880*, wat ongelukkig fragmentaries aandoen. Wat volg, is egter
veel beter. Na behandeling van die ontwakende geesdrif vir Transvaal in Neder-
land ten tye van die Transvaalse deputasies en die Vryheidsoorlog, gee hy aandag
aan die *Transvaal vrienden*. Ons is in Suid-Afrika geneig om die Hollanders oor
een kam te skeer. Die skrywer se verdienste is dat hy aandui uit welke kringe
of politieke groepe Nederlandse ondersteuners van Transvaal voortkom, groepe
wat dikwels vyandig teenoor mekaar gestaan het, en waaruit die hele problematiek
van die situasie, altans gedeeltelik, verklaar kan word.

In die vyfde hoofstuk probeer hy aandui hoeveel Nederlanders jaarliks die
Republiek binne gekom het, van welke dele uit Nederland hulle afkomstig was
en waar hulle in Suid-Afrika, ook in welke beroepe, hulle tereg gekom het. Hoewel
die gegewens, soos die skrywer erken, uiteraard onvolledig is, is dit myns insiens
baie belangrike ontledings, wat die skrywer meer in besonderhede kon behandel
het. Hy toon weer eens aan dat, behalwe op die terrein van die N.Z.A.S.M., die
meeste Nederlanders in Transvaal by die staatsdiens en die onderwys tereg gekom
het, waar hulle dan ook vanselfsprekend groot invloed uitgeoefen het.

Die „grote figuren” onder die Hollanders, wat hy aan die einde van hierdie
hoofstuk behandel, is taamlik willekeurig gekies. 'n Mens kry die indruk dat hy
hoofsaaklik die gekies het oor wie daar redelik maklik gegewens bekombaar is.
Dit is ook hoofsaaklik persone wat op politieke terrein aandag getrek het. Naas
hulle ontvang figure soos Wierda, Oerder, Wenning en die Nederlandse predikante
veel minder aandag, figure wat vir die geestelike ontwikkeling van die Afrikaner
tog geweldig veel beteken het.

Waar die skrywer ook die doringrige onderwerp van *Hollanderhaat* in een
van sy hoofstukke behandel, was dit nodig dat hy die reaksies van die kant van
die Boere moes ontleed. Hy slaag egter nie daarin om 'n werklik goeie ontleding
van die verskillende strominge in dié verband te gee nie. Trouens, soms is dit
maar 'n naskrywe van die menings van ander, meestal van die menings van
persone uit daardie tyd. Waar dié tyd egter reeds tagtig en meer jare agter ons
lê, is dit nodig dat ons tans daarna kyk met die perspektief wat die afstand
daaraan verleen. Dit is tog die eis wat ons aan geskiedskrywing stel, nl. dat die
geskiedenis telkens so herskryf word dat dit betekenis vir ons eie tyd het. Die
skrywer het 'n moedige poging aangewend om aan hierdie vereiste te voldoen,

maar het nie heeltemal daarin geslaag nie. Miskien is dit daaraan te wyte dat die werk uiteraard 'n vlugtige oorsig moes wees en dat daar geen dieper ontleding nagestreef is nie.

Dit het ook enigszins die karakter van 'n jeugwerk, d.w.s. die van 'n student wat nog nie baie ervaring op die gebied van die geskiedskrywing opgedoen het nie. Dit hou egter belofte in. Ons sal verdere publikasies van die skrywer met belangstelling volg en spreek die hoop uit dat sy belangstelling vir Suid-Afrika daarin blywend uitdrukking sal vind. Die Nederlandse interpretasie van ons geskiedenis vorm 'n belangrike onderdeel van ons historiografie; dit is noodsaaklik dat dit voortgesit word.

F. J. du T. Spies.

Burman, José: *The Cape of Good Intent*. Human and Rousseau, Kaapstad en Pretoria.

Mr. Burman has rendered an entertaining account of "good intentions" in and about Cape Town from before the landing of Van Riebeeck to the building of the modern "ou Kaapse Weg" across the Steenberg. He deals with defence, mines, water and communications in the informative and entertaining style which he has made his own.

The chapter concerning the abortive attempt by the English East India Company to start a penal settlement at the Cape in 1615 bears little or no relation to the rest of the book, but it was perhaps included to show what happened to "intentions" at the Cape. The Castle is another example. Built to be an impregnable fortress, it very soon had to be supported by a whole line of lesser forts and redoubts. And, when war came, as it did in 1795 and 1806, not a shot was fired from them because the actions took place elsewhere. Nevertheless, the intentions in building the line of fortifications was of the very best.

There seems to have been all sorts of mines in and around Cape Town, and the author visited all the old sites. Silver near Stellenbosch, tin on Devils Peak, gold under Lions Head and coal (which turned out to be lignite) and led some to believe that they had unearthed an ancient Phoenician galley) on the Cape Flats at the Elsjeskraal river.

As far as water supply is concerned, Cape Town very soon learned the lesson that, no matter how big the supply, the demand was always close on its heels. From the seventies of last century the problem seems to have been a hardy annual. The story is indeed apt in a year dedicated to the conservation of water.

Harbourworks, lighthouses and railways are dealt with, and also the "Ou Kaapse Weg" which turns out originally to have been, at best, only a mountain track and no main road. Be that as it may. The modern highway across the Steenberg is one intention which has turned out well.

This is an excellent book which will be enjoyed alike by the serious historian and casual reader.

J. F. Preller.

Sierksma, Kl.: *Vlaggen. Symbool, Traditie, Protocol*. Pp. 96, met afb. Uitgewersmaatskappy C. A. J. van Dishoeck, Bussum.

„Die vlag is die simbool van die nasie en as sodanig word 'n groot mate van eer daaraan bewys“, aldus die bekende heraldikus en vlaekenner dr. C. Pama

in sy werkie *Die Unievlag. Sy oorsprong, betekenis en gebruik* (Kaapstad, 1957, p. 37).

K. Sierksma vertel ons in die eerste hoofstuk van sy werkie allereers besonderhede oor die vlaekunde of banistiek, m.a.w. dié wetenskap wat hom, in die ruimste betekenis van die woord, besig hou met die studie van vlac, vaandels, baniere, standaarde en wimpels, om daarna oor te gaan tot die omskrywing van wat onder 'n vlag, 'n banier, 'n standaard, 'n vaandel en 'n wimpel verstaan word.

In dieselfde hoofstukkie gee hy ook voorbeelde aan op watter wyses die vlag uitgesteek word. Onder invloed van die Britse gewoonte, word vlaemaste of -stokke op geboue geplaas, in Nederland word die vlag gewoonlik horisontaal uitgesteek (naby die hoofingang van 'n huis of gebou), terwyl die Amerikaner sy vlaestok horisontaal by 'n gebou uitsteek en die uiteinde van die stok op 'n mas laat rus.

In die volgende hoofstukkie word antwoorde verstrekkend op die vraag waar en wanneer vlac op see, op land en in die lug gebruik word. Skepe voer, indien dit tweemasters is, die nasionale vlag van die land van bestemming of afvaart in die voorste mas, terwyl die rederyvlag van die agtermas wapper. Die eie nasionale vlag hang aan die vlaestok op die agterskip.

Vervolgens wy die skrywer aandag aan die benamings van die verskillende onderdele van die vlag soos die broek of broeking, die kanton, die broeking-driehoek en die vlagtop; terwyl die geskiedenis van die vlag, wat reeds tot die Bybel teruggaan, daarna uitvoerig behandel word. Militêre histories is hierdie gedeelte van die werkie van besondere belang waar dit veldtekens, krygswimpels e.d.m. betref.

Die oudste vlaeboeke, met afbeeldings, gaan hoofsaaklik tot die sewentiende eeu terug. In hierdie verband vestig ons die leser se aandag op die werk *Meest bekende Zee-vlaggen des Waerelds getekend op 't O. I. Comp. Schip Amsterdam in de Tafelbaay 1782 door D. Muller. Verbeterd te Hengelo in Gelderland, Anno 1800* wat deur dieselfde skrywer in sy *Nederlands Vlaggenboek* (Utrecht-Antwerpen, 1962) genoem is.

Aangaande protokol en seremonieel, verstrekkend die skrywer uitvoerige besonderhede aangaande die V.S.A. (pp. 40-44), die groet van die vlag, die dra van die vlag en die plasing van die landsvlag in 'n optog, 'n saal, 'n kerk en ook ten opsigte van ander vlac. Ook wys hy daarop dat plooi of drapeer van 'n vlag, wat mens soms in museums sien, in stryd met die eerbied is wat aan 'n vlag betoon moet word.

In militêre verband kom die beskerming van die vlag ter sprake. Vlaedraers dien wit handskoene te dra, vlac word slegs dan gehys indien weersomstandighede dit toelaat en ou, verflinterde vlac dien verwyder te word.

Die inhoud van die sewende hoofstukkie is aan seinvlac gewy. Dan kom die Nederlandse driekleur en sy eertydse kleure aan die beurt, terwyl ook aandag aan die oranje-rooi en rooi-oranje strydvraag geskenk word.

Onder besondere vlac, word o.m. die volgende bespreek: Die VVO-vlag, die Olimpiese Spele-vlag, die Europa-vlag en die Rooikruisorganisasie se vlag. Met 'n aantal voorbeelde (beskrywend) van vlac soos die van Israel, Etiopië, Liechtenstein en Griekeland, gevolg deur aantekeninge oor die tegniek van die vlag en bestaande literatuur, sluit die skrywer 'n leersame en insiggewende werkie af.

J. Ploeger